



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020
GRAAD 6

WISKUNDE

DISTRIK:

SKOOL:

NAAM EN VAN:

KLAS (bv. 6A):

TYD: 1 uur

PUNTE: 50

12 bladsye

INSTRUKSIES:

1. Lees AL die instruksies noukeurig deur.
2. Vraag 1 bestaan uit 20 meervoudigekeuse vrae. Omkring die letter van die korrekte antwoord.
3. Beantwoord vraag 2 tot 5 in die spasies of raampies wat voorsien word.
4. Alle bewerkings moet op die vraestel gedoen word en nie op rofwerkpapier nie.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Jy mag NIE 'n sakrekenaar gebruik NIE.

Vraag	1	2	3	4	5
Onderwerp	Meervoudigekeuse vrae	Berekeninge	Probleemoplossing – Verhouding en metingskonteks	Probleemoplossing – Desimale en Finansiële konteks	Probleemoplossing - Omtrek en Oppervlakte
Moontlike punte	20	21	3	3	3
Leerling se punt					
Totaal					

VRAAG 1

MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.1 Wat is die volgende getal in die getalpatroon?

15 ; 21 ; 27 ; 33 ; 39 ; _____

- A 43
- B 45
- C 47
- D 50

(1)

1.2 Wat is die waarde van die onderstreepte syfer 5 in die getal hieronder?

75 987 432

- A 5 duisend
- B 5 tien duisend
- C 500 000
- D 5 x 1 000 000

(1)

1.3 Skryf die volgende as 'n heelgetal.

$(8 \times 1\,000\,000) + (4 \text{ HTH}) + (1 \times 1) + (3 \text{ Th}) + (5 \times 10\,000) + (200)$

- A 8 453 201
- B 8 451 301
- C 8 435 201
- D 8 543 201


(1)

1.4 Rond 91 999 af tot die naaste 1 000.

- A 90 000
- B 91 000
- C 92 000
- D 94 000

(1)

1.5 Watter breuk van die volgende figuur is ingekleur?



A $\frac{1}{8}$

B $\frac{1}{2}$

C $\frac{1}{6}$

D $\frac{1}{4}$

(1)

1.6 'n Sirkel word in twaalfdes verdeel. Hoeveel twaalfdes maak 'n derde van die sirkel?

A 3

B 4

C 6

D 12

(1)

1.7 Die breuk met die kleinste waarde hieronder is ...

$\frac{4}{6}$; $\frac{9}{10}$; $\frac{1}{2}$; $\frac{1}{3}$

A $\frac{9}{10}$

B $\frac{1}{2}$

C $\frac{1}{3}$

D $\frac{4}{6}$

(1)

1.8 Wat is die volgende getal in die sekvensie hieronder?

7,2 ; 6,9 ; 6,6 ; 6,3 ; _____

- A 6
- B 5,9
- C 5,6
- D 5

(1)

1.9 Wat is die waarde van $63,91 \times 10$?

- A 6,391
- B 63,910
- C 6391
- D 639,1

(1)

1.10 Die ingekleurde deel van die diagram is $\frac{1}{2}$. Wat is die desimale waarde van die ingekleurde deel?



- A 0,2
- B 0,5
- C 0,05
- D 1,5

(1)

1.11 Watter getalsin is gelykwaardig aan 15×22 ?

- A $10 + 5 + 20 + 2$
- B $10 \times 5 + 20 \times 2$
- C $15 \times 20 + 15 \times 2$
- D $15 \times 20 + 2$


(1)

1.12 Alistair verkoop fietse. Hy verdien R2 000 per maand, plus R15 vir elke fiets wat hy verkoop. Hy is altesaam R3 200 vir die maand van Oktober betaal. Hoeveel fietse het hy in daardie maand verkoop?

- A 21
- B 22
- C 1
- D 8

(1)

1.13 Hoeveel kolletjies sal in die volgende patroon wees?



- A 10
- B 12
- C 9
- D 16

(1)


1.14 Watter operasie sal die volgende getal in die patroon gee?

95 ; 90 ; 80 ; 60 ; ...

- A $\times 2$
- B $\div 2$
- C $- 20$
- D $- 40$

(1)

1.15 Identifiseer die 3D voorwerp hieronder.



- A Vyfhoekige Prisma
- B Vyfhoekige Piramide
- C Seshoekige Prisma
- D Seshoekige Piramide


(1)

1.16 Hoeveel rande het 'n driehoekige prisma?

- A 5
- B 4
- C 6
- D 9

(1)


1.17 Watter 3D voorwerp kan gemaak word met hierdie net?



- A Silinder
- B Keël
- C Reghoekige prisma
- D Sfeer

(1)


1.18 Wat is die omtrek van die volgende reghoek volgens die metings wat aangedui is?



- A 15 cm
- B 30 cm
- C 50 cm
- D 100 cm

(1)


1.19 Wat is die oppervlakte van die mat as elke teël 1 vierkante meter is?



- A 28 vierkante meter
- B 22 vierkante meter
- C 15 vierkante meter
- D 16 vierkante meter

(1)

1.20 Hoeveel klein kubusse kan binne in die groot prisma pas?




- A 8
- B 16
- C 27
- D 36

(1)
[20]

VRAAG 2

Bereken die antwoorde vir vrae 2.1 – 2.10.

2.1 $387\,213 + 299\,114$



(2)

2.2 $602\,887 - 128\,351$



(2)

2.3 $4\,213 \times 107$




(3)

2.4 $8\,550 \div 250$




(3)

2.5 $15 + 9 \times 2 - 9$



(2)

2.6 $\frac{2}{9} + \frac{5}{9}$



(1)

2.7 $\frac{1}{5} + \frac{5}{10}$



(2)

2.8 $6\frac{3}{7} + 2\frac{4}{7}$



(2)

2.9 $\frac{2}{3}$ van 90

(2)

2.10 $15,09 + 20,1$

(2)

[21]**VRAAG 3**

Ek maak 'n sous wat 25 ml olie gebruik vir elke 75 ml suurlemoensap. Hoeveel olie en hoeveel suurlemoensap het ek nodig om 1ℓ sous te maak?

Wys jou berekenings.

[3]

[3]

VRAAG 4

4. Gebruik die pryslys hieronder om die volgende vrae te beantwoord.

Prysllys vir Kagiso Skryfbehoeftes

Potlood:	R1,20 elk
Pen:	R5,35 elk
Skoolsak:	R80,00 elk

4.1 Hoeveel kleingeld sal jy terugkry as jy 'n potlood en 'n pen koop en met 'n R10 noot betaal.

(2)

4.2 Hoeveel minder sal jy vir 'n skoolsak betaal as jy 10% afslag kry?

(1)
[3]**VRAAG 5**

5. Die kliniek is 'n klein gebou wat 16 m lank en 10 m breed is.

5.1 Wat is die omtrek van die kliniek?

(1)

5.2 Om meer pasiënte te akkommodeer, word die breedte van die kliniek verdubbel. Wat sal die nuwe oppervlakte van die kliniek wees?

(2)
[3]**TOTAAL: [50]****EINDE**